Pinkster 2023 Noordelike Sinode

Kom laat ons bid



Die Sagrada Família, is 'n onvoltooide basiliek in Barcelona, Katalonië, Spanje. Dit is die grootste onvoltooide Katolieke kerk ter wêreld.

Die hooftoegangsbronsdeur is gegraveer met die woorde van die Onse Vader gebed in Katalaans met reliëfletters en beklemtoon die fragment 'Gee ons, o Heer, ons daaglikse brood'. Dié fragment in Katalaans en nog 49 tale, is aan die binnekant van die deure en is die laaste beeld wat jy sien voor jy die basiliek verlaat. Op ’n besondere wyse verbind jy jouself aan ’n lewe in afhanklikheid van God. Die gebed is dus nie gereserveer vir die indrukwekkende gebou en erediens op Sondae nie. Dit is juis bedoel vir die léwe en kry hande en voete in die alledaagse.

Ten spyte daarvan dat die basiliek al meer as 'n eeu onder konstruksie is, gaan Sagrada Família voort om te ontwikkel en aan te pas by die tye. Die basiliek kan vir ons ’n waardevolle les leer. Om in die voetstappe van Gaudi, vry van korttermynoplossings en maklike antwoorde op die kompleksiteite van die lewe, oop vir teologiese verbeelding te wees. ’n Kerk wat “modelle” en “ontwerpe” van die verlede in ons eie konteks met vars kundigheid vorentoe neem om geloofwaardige ruimtes vir aanbidding te skep sodat gelowiges se lewens toenemend ’n getuigskrif vir God sal word wat toekomstige geslagte sal inspireer.

1. Inleiding

Pinkstertyd word tradisioneel sterk met gebed verbind. Diegene wat oud genoeg is, sal onthou dat dit vroeër jare as die Pinksterbidure bekend gestaan het en op baie plekke nog steeds so verstaan word. Die oorsprong van Pinkster in die NG kerk lê by die bidure van 1860 in die Paarl olv ds GWA van der Lingen. Dit het gepaard gegaan met ‘n geestelike oplewing en gebed was die hart daarvan. Dit het ‘n groot invloed gehad en baie mense kan getuig van die waarde van hierdie tradisie in die NG Kerk. Ons moet egter ook erken dat sommige se herinneringe aan Pinkster minder positief is. Hulle vertel van die geweldige emosie en

bekerings, maar daarna was alles gou maar weer dieselfde. Dit was so opflikkering wat deur die sterk winde van die werklike lewe gou weer uitgedoof is. Dit en die biddae vir reën, die gebedsbyeenkomste by die tent van die reisende charismatiese prediker waar mense gesond gebid is, die talle mense wat sterf al het jy vir hulle gebid en die suggestie dat getalle die sleutel tot gebedsverhoring is het gemaak dat heelwat mense byna sinies oor gebed begin raak het. As dit met jou gebeur verloor jy iets baie kosbaar. Dit hoef nie te gebeur nie, maar dan moet ons weer dink oor gebed. Ons sal tegelykertyd die *meer-as-karakter* en die *anders-as-karakter* van gebed moet herwin.

Die bekende Anglikaan John Shelby Spong vertel van ‘n pastorale ervaring wat hom oor gebed laat herbesin het. Hy vertel van die lidmaat, ‘n jong vrou met drie kinders, wat terminaal siek is en hoe hy bykans drie ure saam met haar huil en dink en in stilte sit en nadink oor die krisis waarin sy is. Toe hy aan die einde van die gesprek moes bid het hy nie geweet hoe nie en teruggeval op die bekende clichés wat dominees by siekbeddens gebruik. Toe hy en die vrou weer oor hulle ervaring van dié dag reflekteer het Spong besef – gebed is meer as en anders as wat hy gedink het. Dit is wat ons vanjaar by Pinkster gaan doen. Soos dit nou maar eenmaal gaan met die oorbekende gedeeltes van die Bybel is die gevaar groot dat ons gewoond geraak het aan gebed. Met hierdie Pinksterreeks wil ons aan die hand van die Onse Vader bewus raak van die feit dat gebed veel meer is as wat ons gewoonlik dink en dalk selfs meer radikaal anders is as wat ons onsself voorgestel het. By baie Pinksterreekse is lidmate al vermaan dat hulle te min bid. Dalk was dit selfs ‘n geldige vermaning. Dit mag dalk hierdie keer ‘n bevrydende ervaring wees om te ontdek dat ons meer bid as wat ons vermoed.

Ons wil hierdie tema graag aanpak in die gesindheid van Paulus wat aan die gemeente in Rome skryf: “...ons weet nie mooi waarvoor ons moet bid nie, maar die Gees tree self vir ons in...” 8:26. Dit pas ons steeds om saam die dissipels te vra: “Here, leer ons bid”.

Die notas wat hiermee aan kollegas in die bediening deurgegee word is nie bedoel as kant en klaar Pinksterpreke nie. Uit respek vir die eie konteks van elke gemeente en ook in erkenning van die eie kreatiwiteit van elke prediker volstaan ons met notas wat ten doel het om te help. Die aantal geleenthede en die aard daarvan verskil van gemeente tot gemeente en elke leraar sal sy/haar goeie oordeel kan gebruik.

2. Eksegetiese notas (Met groot dank aan Dr. Kobus Myburgh)

Onse Vader: Aantekeninge Matt 6:9-13

Letterlike Vertaling (Kobus Myburgh)	**2020 Vertaling**	**1983 Vertaling**
9 Vader van ons die een wat in die hemele is Laat aanhou geheilig word U naam **10** Laat aanhou kom U koninkryk Laat aanhou geskied U wil *Soos in die hemel net so op die aarde* **11** Die brood van die komende (dag) gee ons dit hierdie dag **12** En vergewe ons ons (geld)skuld *Net soos ons vergewe die wat ons skuld* **13** En moenie ons inlei in versoeking nie *Maar verlos ons van die bose een*	9 Ons Vader wat in die •hemele is, laat u Naam geheilig word. 10Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde. 11Gee ons vandag ons daaglikse brood. 12 En vergeef ons ons skulde, soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan. 13En bring ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.	9Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; 10laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. 11Gee ons vandag ons daaglikse brood; 12en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; 13en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose

Teks (letterlike vertaling)

9 Vader van ons die een wat in die hemele is

Laat aanhou geheilig word U naam

10 Laat aanhou kom U koninkryk

Laat aanhou geskied U wil

Soos in die hemel net so op die aarde

11 Die brood van die komende (dag) gee ons dit hierdie dag

12 En vergewe ons ons (geld)skuld

Net soos ons vergewe die wat ons skuld

13 En moenie ons inlei in versoeking nie

Maar verlos ons van die bose een

A. Vertalingsnotas

Vs 9 Πατερ 1e pers ekv vokatief in aposisie met ο 1e pers ekv nominatief (vertaal: Vader van ons wat in die hemele is)

αγιασθητω, ελθετω(v10),γενηθητω (v10) 3e pers ekv aor imperatief passief (nie passivum divinum)

Vs 10 και beteken hier "so ook"

Vs 11 επιουσιον substantivasie van επιεναι wat vertaal word met komende, dus word dit hier gebruik soos 'n adjektief vir η επιουσα (komende dag). Hierdie gebruik kom 2x in die LXX, 3X in Handelinge en 46X by Flavius Josefus voor.

δοσ aor imperatief+ σημερον (vertaal: gee ons hierdie dag)

Vs12 οφειλημα beteken in Grieks altyd geldskuld. In Aramees beteken dit geldskuld of sonde.

ωσ Word hier kousaal gebruik. (vertaal: omdat ons, of soos ons)

Vs 13 πειρασμον versoeking gaan in hierdie konteks oor ‘n toets van lojaliteit.

του πονηρου word persoonlik vertaal as die bose een eerder as die onpersoonlike bose.

B. Vorm van gebed

In Matteus is die gebed ‘n pragtig saamgestelde gedig wat uit twee strofes bestaan. Dit bestaan uit ses bedes wat in die vorm van ‘n ringskomposisie geskryf is. Drie van die bedes het ‘n uitbreiding. Dit laat elk van die bedes wat in die ringskomposisie voorkom met ‘n uitbreidende deel. Elke “U” bede word so verbind aan ‘n “ons” bede. In die Onse vader ontmoet hemel (U) en aarde (ons). In die gebed vra ons om God se medewerkers te wees.

Ek sou voorstel dat ‘n mens opeenvolgend die bedes so sal preek:

1 Vader van ons, die een wat in die hemele is

2 Laat aanhou geheilig word U naam

En moenie ons inlei in versoeking nie

Maar verlos ons van die bose een

3 Laat aanhou kom U koninkryk

En vergewe ons ons (geld)skuld

Net soos ons vergewe die wat ons skuld

4 Laat aanhou geskied U wil

Soos in die hemel net so op die aarde

Die brood van die komende (dag) gee ons dit hierdie dag

Dit beteken dat mens die natuurlike opbou van die gebed volg tot by die belangrikste deel wat die klem dra, nl.

Laat aanhou geskied U wil

Soos in die hemel net so op die aarde

Die brood van die komende (dag) gee ons dit hierdie dag

C. Konteks

Die gebed kom in Matt 6:9b -13, Lk 11:2b-(Q 34) en Did 8:2b-3 voor. Ons kry ook ‘n verklaring van Hieronimus van Matt 6:11 in die Evangelie van die Nasareners (GNaz.5). Na my mening is die eerste verwysing in die NT na die Onse Vader by Paulus te vinde in Gal 4:6 en Rom 8:15. Hierdie gedeeltes verwys na die nou verband tussen die bid van die gebed en die werk van die Heilige Gees.

In die Konteks van Matt is die gebed deel van die bergpreek wat ons in Mt 5-7 kry. Die inhoud van die bergpreek is die eerste uitvoerige prediking van Jesus in die Matt evangelie en kan saamgevat word as Jesus se woorde oor die Geregtigheid van die Koninkryk van die Hemele. Die bergpreek is in vorm ook ‘n ringskomposisie wat die Onse Vader as middelpunt het. Sien mens dit so, word dit omarm deur 6:1-8 en 6:14-18 twee etiese gedeeltes wat die houding van geregtigheid voor God beskryf wanneer mens kulties/godsdientig besig is. Die vraag aan die gelowiges in Antiogië is: Hoe vergelyk julle lewe voor God met die godsdienstige praktyke van julle tyd? Ons weet dat die gemeente as gevolg hiervan plus minus ‘n eeu later van ‘n onbeduidende minderheid gegroei het tot ‘n beduidende groep in die stad.

D. Uitleg

Vs 1a *So dan moet julle bid: Vader van ons, die een wat in die hemele is.*

Jesus se opdrag oor hoe om te bid, keer ander gebede op hul kop. Hier word nie soos in die Psalms gevra of gekla nie en hier is ook nie tipiese lofuitinge aan God nie. Wanneer mens net

na die gebed kyk sonder enige konteks, sou mens dit nie eers kon erken as die gebed van ‘n besondere godsdiens nie.

Vader van ons die een wat in die hemele is.

Vader van ons. In die aller-eenvoudigste sin is hierdie woorde van kindskap. Die Onse Vader is ‘n gebed van kinders, kinders van God. In die wêreld van die skrywer beteken kindskap in die eerste plek om deel te wees van ‘n familie en om ‘n rol in daardie familie te hê. Elke kind in ‘n familie het destyds in die “familiebesigheid” gewerk. Om soos die verlore seun jou van die familie af te sny, was eintlik soos om te sterf. Die aanroep plaas die bidders reeds in ‘n besondere plek, die plek van kinders in ‘n eerste-eeuse huishouding. Let ook op dat dit ons Vader en nie my Vader is nie. Dit gaan hier om die gemeenskap van gelowiges.

die een wat in die hemele is. Hier word die familie beskryf, die familie van God. Dit veronderstel dat die bidder vereenselwig met die familiebesigheid van God. Hierdie begin beteken dat die gebed nooit onbetrokke van ‘n afstand af gebid kan word nie. Ons word ten diepste hierby betrek. Hierdie gebed gaan nie oor wat God vir ons doen nie, ook nie wat ons so graag vir God wil doen nie, dit gaan om die genade om iets saam met God te doen.

Laat aanhou geheilig word U naam En moenie ons inlei in versoeking nie, Maar verlos ons van die bose een

Laat aanhou geheilig word U naam Die aor imp. pass. maak dit onmoontlik om hierdie bede te verstaan as iets wat God in die verre toekoms moet doen. Dit bring God en die bidder saam in die hede. Hier waar God se naam nou aanhou geheilig word. ***Geheilig*** gaan eerstens om God te erken as die goddelike, iets wat ons doen, wanner ons sy andersheid in ons woorde en dade bevestig “ons maak so, want Hy is so” Hier gaan God se naam oor sy aard en om sy naam te heilig beteken om sy aard te bevestig.

En moenie ons inlei in versoeking nie. Wat het dit met God se heiligheid te doen? Lei God ons in die versoeking? En die bose een? Πειρασμον gaan nie oor enige versoeking soos die sjokolade in die kas of die buurman nie, maar wel die riële gevaar om op te hou glo, om my af te sny van die familie wat God, Vader noem. Dit gaan ten diepste oor lojaliteit. Die versoeking in die woestyn waarvan ons lees in 4:1-11 verduidelik dit. Daar word Jesus se

lojaliteit aan ons getoets en hier vra ons dat ons nie daar sal kom waar die bose een ons op die een of ander manier ons lojaliteit sal laat verloor en ons ophou om sy naam te heilig nie. Ons vertalers gaan in hoofstuk vier verder as die teks as hulle ο διαβολοσ met 'n hoofletter tot eienaam maak, as dit hier in 6:13 met του πονηρου beskryf word, sien ons hoe die versoeker die een word wat ons, ons lojaliteit laat verloor. As ek dus op die punt is om deur "die bose een" op die plek te kom waar ek my lojaliteit verloor, word ek nie in die versoeking gelei nie, wanneer God my van die bose een verlos.

Laat aanhou kom U koninkryk En vergewe ons ons (geld)skuld, net soos ons vergewe die wat ons skuld.

Laat aanhou kom U koninkryk. Ons lees in 3:2 hoe Johannes die Doper en 4:17 hoe Jesus dieselfde woorde gebruik "die koninkryk van die hemele het by julle gekom". Die gebruik in Matteus om die Koninkryk van God, Koninkryk van die Hemele te noem, laat ons dit as iets van die toekoms verstaan. Vir die gelowiges in Antiogië was dit egter die realiteit van 'n ander koninkryk as die van die Romeine, wat in Jesus by hulle gekom het en waarin hulle reeds leef. Die term koninkryk word doelbewus gebruik om te wys dat dit hier om die huidige omstandighede gaan waarin die bidders hul bevind. Maar waar en hoe hou die koninkryk aan om te kom?

En vergewe ons ons (geld)skuld, net soos ons vergewe die wat ons skuld. Die koninkryk hou aan kom waar ons aanvaar dat God ons vergewe. Maar waarom hier die woord (geld)skuld? Vanaf die vroegste tye, ons lees daarvan op die Rosetta steen en in die kodeks van Hamurabbi, het daar 'n patroon van verlies en uitbuiting geloop. Van skuld, tot verlies van eiendom, tot slawerny. In Antiogië was dit 'n realiteit van die lewe onder die Romeinse juk. Reeds in oud-Israel was daar wette om skuld af te skryf en skuld slawe te bevry, op die sewende jaar en die Sabbat jubleum. Daar was dus hierdie ritme van Sabbat, Sabbatsjaar en Sabbatsjubleum. Dit is in die tydsbegrip van God se mense ingeskryf. Dit is ook gekoppel aan twee groot Ou Testamentiese motiewe, God as skepper en God as die bevryder uit Egipte. Dit is hierdie karakter van God as skepper en bevryder wat in sy koninkryk sigbaar word. God se huishouding (Israel) moes die karakter van die Hoof van die huishouding vertoon. In die koninkryk van die Hemele moet dieselfde geld.

Wat is die (geld)skuld wat ons God skuld? In hierdie konteks is God se kinders sy verteenwoordigers. Verteenwoordigers is verskuldig teenoor die een wie hulle verteenwoordig. Ons skuld God fisies om sy skepping te versorg soos God dit wil. Ons skuld aan hulle wat nie kan nie, sorg en bevryding. Ons skuld lê dus op 'n baie tasbare vlak. Hier loop ons samewerking met God hand aan hand, ons fisiese posisie is in sy hand ons naaste se fisiese posisie is in ons hand, twee hande vervleg in die koms van die koninkryk. Die koninkryk kom nie waar Robin Hood die rykes se goed vat en vir die armes gee nie, die koninkryk kom waar ek weet dit wat ek het is deel van God se vergiffenis en sorg en ek nie anders kan om te vergewe en te sorg nie. Dit vloei natuurlik oor tot die senterpunt van die gebed

Laat aanhou geskied U wil, soos in die hemel net so op die aarde. Die brood van die komende (dag) gee ons dit hierdie dag.

Laat aanhou geskied U wil. Ons kan nie oor hierdie bede praat sonder om 26:39 in ag te neem nie. As Jesus in Getsemane bid om God se wil te doen, ontbloot hy hierdie bede se tweekantigheid. Die hemel en die aarde wat saamwerk om God se wil te laat gebeur. God se wil is dus nooit 'n magswil nie, maar 'n wil van kenosis. En juis hieroor word alle magsgode irrelevant sodra hul magtige draers in onmag verval.

God se wil gaan ook om sy karakter as die een wat versorg en bevry en daarom kan ons nie oor sy wil praat sonder om oor δικαιοσυνη te praat nie. God se geregtigheid en sy wil is vervleg. Aan die een kant maak hy ons regverdig, wat beteken ons kan Hom ons Vader noem. Aan die ander kant doen ons as geregverdigdes sy wil. God se wil is dus nooit los te maak van die verhouding wat ons met Hom het nie. Dit volg dus dat God nie verwar moet word met Zeus nie, wat doen wat hy wil en almal is daaraan uitgelewer nie. God se straf as sy wil nie gedoen word nie, is dus altyd die gevolge van die verbreking van die verhouding met hom.

soos in die hemel net so op die aarde Op tipies Hebreeuse wyse val die klem in hierdie woorde op die laaste deel. Dit veronderstel dat daar 'n ruimte is waar God se wil geskied, daardie ruimte word die vergelykingspunt vir die aarde waar God se wil sigbaar moet word.

Die brood van die komende (dag) gee ons dit hierdie dag. Hierdie kernbede kan nie bespreek word sonder om aan die fisiese wêreld van Jesus rondom die meer van Galilea en die Christen

gemeente in Antiogië te dink nie. Beide bevind hulle in haglike omstandighede. Jesus in ‘n Galilea wat stelselmatig deur Herodes Antipas verarm is om te probeer om groter as sy pa Herodes die Grote te wees. Die geskiedenis vertel ons hoe hy nie net die land gestroop het nie, maar ook later die see van Galilea. Die magsbeheptheid van een klein mannetjie het duisende mense verarm en verhonger, die skare oor wie Jesus se maag gedraai het voor hy hulle in 14:13-21 met vyf brode en twee visse voed. Jesus se optrede rondom en op die meer vind sy hoogtepunt in hierdie broodwonder. Hy stuur nie die skare van gebrokenes en hongeriges weg nie. Hy wys dat die aarde en die see van Galilea aan God behoort, nie aan Herodes of sy Romeinse poppemeesters nie. Hy doen dit nie deur brood uit die hemel te laat val nie, maar met die vyf brode en die twee visse van die dissipels.

Die gelowiges in Antiogië is vreemdelinge in ‘n vreemde stad omdat die Romeine in 70 hul land vernietig het uit magsbeheptheid en grypsug. Hulle sit nou tussen vyandige mense sonder enige regte in strate vol riool en ‘n stad waarin hul lewens net so min werd is as toe Jerusalem geval het. En ook hulle het nodig om te hoor hierdie stad behoort aan die Here en die volheid daarvan. En hulle moet ook leer dat die volheid by hulle begin en van hulle af, die stad sal omkeer.

In die lig van hierdie omstandighede verstaan ons die kommer van hulle wat vandag bekommerd is oor more. Hier val die klem weereens op tipies Hebreeuse manier op hierdie dag. Die antwoord op hulle kommer oor more word dan, die aarde behoort aan die Here, sy wil sal geskied soos in die hemel so ook op die aarde in die brood van more vandag in die hand van God en die hande van sy kinders.

3. Hermeneutiese notas:

Die Onse Vader gebed eggo elke Sondag in kerke regoor die wêreld. Nou is dit ook so, dat as ons oor dié gebed begin nadink, het ons een van die ou dilemmas – sommige frases, woorde, gebede word so baie gebruik dat hulle gevolglik afslyt in betekenis en uiteindelik hulle krag verloor. So kan dit maklik met die Onse Vader gebed gebeur. Dit is so mooi, veral as dit gesing word saam met behoorlike musiekbegeleiding, ons sing hom al van kinder dae af en ons besef nie aldag wat ons sing/bid nie...

Die gemeenskaplike aard daarvan is uiteraard belangrik. Ons tuisvoel en geborgenheid as kind terwyl ons kon saamsing (sonder dat ons hoef te weet presies wat ons sing) het geweldige waarde. Maar dit kan nie al wees nie...

Dink vir ’n oomblik oor gebed. Ons staan dikwels van gebed af op en voel getroos, verseker en hernu: die gebed het alreeds iets vir jou en aan jou gedoen. Ter selfde tyd hoop en glo ons dat meer van ons gebed sal kom – dat dit sal uitwerk vir ons of vir die mense waarvoor ons gebid het. Ons verwag van God om te luister en daarvolgens op te tree. Dit is egter presies hier waar ’n moontlike probleem dikwels opduik: dat mense hulleself, hulle hoop, hulle vrese en hulle verwagtinge aan God toevertrou en daarvandaan wegstap met hande gevou en toe-oë. Die verantwoordelikheid lê nou by God. God moet verandering meebring. God moet die werk doen. Die verantwoordelikheid is nie meer myne nie. Die Onse Vader funksioneer dikwels op dieselfde wyse.

Soos Martin Luther destyds reeds gewaarsku het, het die Onse Vader gebed dié gebed geword wat die meeste misbruik word. Gebid in kerke regoor die wêreld, neem dit somtyds ’n amper ritualistiese betekenis in en kan dan uitsluitlik funksioneer as ’n tipe mantra, wat mense gemaklik en veilig laat voel en in die proses hulle perspektief op hulle eie verantwoordelikheid verdof.

Hier teenoor skryf die Suid-Afrikaanse Teoloog, Elsabe Kloppers (2013), in ’n artikel oor die Onse Vader en gebed, dat gebed by uitstek beteken om jouself toe te vertrou, te onderwerp en oor te gee aan God se wil. Nuwe Testamentikus Scott McKnight (2013) beaam dit op n besondere wyse as hy sê: “Prayer is not informing God of something unknown but drawing oneself into the divine life... and into the very mission of God in this world.”

Dit is dan ook daarom dat David Bosch en vele ander se perspektief op die Onse vader as “’n paradigma/ uitdrukking van ’n outentieke Christelike lewenstyl” so merkwaardig is. Hy maak die volgende opmerking in hierdie verband: “Authentic prayer is, after all, not an escape from our day-to-day realities but, on the contrary and in a very real sense, prompted by those realities and speaking to them” (Bosch 1985). Die konsep “lewenstyl” moet op ’n omvattende manier gedefinieer word, verduidelik Bosch, dit word ’n uitdrukking van ’n gelowige se identiteit. Die Onse Vader is in hierdie opsig ook en veral ’n identiteitsgebed.

Ons kom natuurlik dadelik voor allerlei probleme te staan as ons probeer nadink oor die Onse Vader gebed as 'n paradigma vir Christelike lewenstyl vir vandag. Daar is 'n enorme historiese kloof wat ons skei van die Onse Vader gebed en sy oorspronklike konteks.

Wat gedoen moet word, is iets wat in werklikheid reeds in die vroeë kerk gebeur het: Die boodskap van Jesus van Nasaret is kreatief geïnterpreteer binne die omstandighede van Christene in Jerusalem, Antiogië, Rome en Korinte. Of, om dit anders te stel: Jesus het sy dissipels geïnspireer om die logika van sy eie bediening op 'n verbeeldingryke en kreatiewe manier te verleng te midde van historiese omstandighede wat in baie opsigte nuut en anders was (Bosch 1985). Ons taak is om te probeer om die gees en etos van die vroeë kerk te herwin en dit vir en in ons eie konteks te interpreteer. Die Jesus wat die stofpaaie van Palestina geloop het en sy dissipels geleer het hoe om te bid, moet, by wyse van spreke, die Jesus word wat ons vergesel in ons gejaagde werksplek, by die huis, om die braaivleisvuur en te midde van die geweldig komplekse eise van die lewe in Suid-Afrika vandag.

Oor die aard van die gebed:

Nuwe-Testamentikus, John Dominic Crossan, help ons om na te dink oor die aard van die Onse Vader gebed wanneer hy die gebed as beide ’n manifes en lied van hoop beskryf. ’n Manifes omskryf wat ’n sekere organisasie/party/ groep mense kenmerk en dit waartoe hulle hulleself verbind... Dit wil m.a.w. sê, wie is hulle en waarmee is hulle besig.

In dié lig kan die gebed as manifes beskou word, omrede dit die radikale visie van geregtigheid wat sentraal tot die Bybelse vertolking van Israel se identiteit behoort te wees veronderstel en verkondig. Dit kan ook as lied/himne beskou word omrede dit poëtiese tegnieke uit die hart van Oud Israel se digkuns bevat.

Die woord “geregtigheid” word in die algemene omgangstaal dikwels – soms hoofsaaklik – verbind aan straf en vergelding. Dit sê egter te min van hierdie ryk en veelkantige begrip. Soos telkens voorkom in die Ou en Nuwe Testament – verwys die begrip na die herstellende aard van geregtigheid. Deur geregtigheid is God herstellend aan die werk in ons lewens. Dit impliseer geregtigheid wat te make met heel verhoudings, billikheid, teenoor elke deel van God se skepping. ’n Oorvloediger geregtigheid is die taal van die bergrede... (Matt.). Crossan

(2011) gebruik die beeld van ’n gesonde huishouding om die bybelse visie van geregtigheid te verduidelik. Ten aanskoue van ’n huishouding, sou jy kon evalueer of die huishouding gesond is. Is die erf en tuin goed versorg? Word daar behoorlik aan die diere voorsien? Word die geboue goed in stand gehou? Is die kinders en afhanklikes veilig, behoorlik gevoed, geklee? Word daar spesiale sorg gebied aan die siekes, die kwesbares? Word die verantwoordelikhede én voorregte billik verdeel? Het almal genoeg?

Indien nie, hoe moet dinge dan verander dat elke deel van God se skepping ’n regverdige en billike deel van God se skepping sal geniet? Hierdie gebed, ingebed in die groter bergrede, verbeeld op ’n besonder wyse daardie nodige verandering. Dit verbeeld daai lewenshouding wat sê, ek wil so lewe dat ek reg laat geskied aan dié rondom my.

Die gebed het ook die aard van ’n himne of lied van hoop. Net soos die inhoud van die gebed diep ingebed is in die Bybelse tradisie van geregtigheid, so is die formaat diep ingebed in die Bybelse tradisie van poësie.

Die poësie van oud Israel – of dit in die profetiese tradisie, Psalms, wysheidsliteratuur of elders voorkom – werk dikwels met die tegniek van parallelisme. Die poëtiese parallelisme wat ons dikwels in die Ou Testament opmerk is nie bloot net ’n oortollige gebruik van begrippe nie. Die herhaling van verwante begrippe het ten doel om jou gedagtes te prikkel, jou verder en dieper daaroor te laat nadink en ten einde te verhoed dat jy dit sommer netso vergeet. Die herhaling dien ook as instrument om dit vas te pen in jou geheue. Die vele ander vorme van poëtiese parallelisme kenmerkend van die poëtiese literatuur van Oud Israel, o.a. antitetiese parallelisme en klimaks of crescendo parallelisme, dien ook ’n soortgelyke doel. Poëtiese parallelisme word verder ’n belangrike instrument tot meditasie, wat op sy beurt weer ’n middel word om die teks nie net te lees of hoor nie, maar werklik deel te maak van jou menswees.

So dui Crossan (2011) aan hoe die Onse Vader gebed in die beweging van God se “naam” deur “koninkryk” na “wil” in die eerste deel; en van “brood” deur “skulde” na “versoeking” in die tweede deel, ’n sinonieme parallelisme nie net tussen daardie twee dele bevat nie, maar ook ’n crescendo parallelisme in elke deel. Dit dra op ’n besondere wyse daartoe by dat diegene

wat werklik erns maak met hierdie gebed, hulle medeverantwoordelikheid in die werking van God in hierdie wêreld ter harte neem.

Uit die parallelismes in die gebed beskryf Crossan (2011) die petisie “soos in die hemel so op aarde” as die skarnier van die gebed. Dit is die sleutelfrase wat aandring op wederkerigheid, op 'n interaksie en samewerking tussen die goddelike "U" van God se naam, koninkryk en wil, en die aardse "ons" van brood, skuld en versoeking. Die U-gebed begin dus met die aanroep van ons Vader in die hemel, en eindig met die gebed dat die Vader se wil op aarde geskied, net soos in die hemel. Die betekenis opsommend: Dat aarde en hemel die één wêreld van God mag wees. Waar God se wil geskied, is dit soos in die hemel. Waar God is, is die hemel (Ebeling 1966). God kan in ons optrede gesien word. Ons verteenwoordig God. Waar ons sorg en liefde toon, kan God in ons gesien word, en ontmoet hemel en aarde (Kloppers 2013). Dit herinner ons aan die Latynse frase, gebed en belydenis – *Ubi caritas et amor deus ibi est* – waar daar liefde en sorg is, is God teenwoordig.

Opgesluit in die woorde van die Onse Vader gebed, kry ons dus die hart en gedagtes van Jesus Christus.

In die gebed word ons behoeftes en begeertes georiënteer aan die weë van God en die weë van die koninkryk. Hierdie gebed gee uitdrukking aan die hart van Jesus se koninkryksvisie. ’n Visie gekenmerk deur herstellende geregtigheid. Ons word opgeroep om ons prioriteite te heroriënteer tot God se prioriteite, soos o.a. verwoord in die groter bergrede. Deur hierdie gebed leer ons om te smag daarna dat God se naam veilig gehou word, dat ons met ontsag vir en voor die Here sal leef. Ons leer om te leef vir God se koninkryk en nie ons eie koninkrykies nie en te streef na God se wil, nie ons wil nie. Daarna leer ons om te smag na ander se beswil. Dat elke persoon genoeg sal hê van basiese behoeftes, menswaardig sal wees, in heel verhoudings (vrede) sal kan leef met mekaar en met God.

Die Onse Vader bied vir ons die geleentheid om die mees dringende kwessies in ’n Suid-Afrikaanse konteks aan te spreek (Kloppers 2013). Kwessies oor geregtigheid, ekonomiese chaos, skreiende ongelykheid, armoede, hongersnood, eienaarskap, grondhervorming, basiese 'daaglikse brood' vir almal; menswaardigheid, vergifnis vir foute vanuit ons verlede, maar ook die herinnering daaraan om nie weer dieselfde foute te maak nie; onopgeloste

kwessies in die geskiedenis te herbesoek en die oorblywende pyne en vrees aan te spreek; versoening tussen mense binne die raamwerk van gebroke verhoudings; bevordering van menseregte, waar misdaad teenoor mens en dier aan die orde van die dag is, veldtogte vir die genesing van die aarde in 'n land waar die aarde vernietig word deur onbeperkte mynbou en ander ekonomiese-aktiwiteite; kwessies rakende mag en korrupsie; en so meer.

“The two parallel halves of the Lord’s Prayer – the divine triplet of name, kingdom and will, and the human triplet of bread, debts and temptation – are correlatives that must be seen as the two sides of the same coin: they come together or never come at all” (Crossan 2011). Dit gaan oor God se werk in Jesus Christus, asook die samewerking van mense in die werk van God, wat die hemel aarde toe bring, hier en nou. Hierdie twee aspekte kan nie geskei word nie – soos ’n treinspoor – en is intrinsiek verbind en interafhanklik. Hierdie spanning moet bymekaar gehou word in 'n preek en 'n liturgie oor die Onse Vader.

Bronnelys:

Bosch, DJ, (1985, 2011). The Lord's Prayer: Paradigm for a Christian lifestyle. Published by the Christian Medical Fellowship,

Crossan, JD 2011. *The Greatest Prayer: Rediscovering the Revolutionary Message of the Lord’s Prayer.* New York: HarperCollins

Kloppers, E. 2013. *Ubi caritas est vera, deus ibi est*… The Lord’s Prayer – God’s present future. NGTT 54, 3 & 4

Kloppers, E. 2013*: As in heaven...* Reading the Lord’s Prayer with a view to constructing a sermon. NGTT 54, 1 & 2

McKnight, S. 2013. The Story of God Bible Commentary Sermon on the Mount. Zondervan Academic